DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie NUUSBRIEF

DIT IS HEERLIKE LENTE

15 SEPTEMBER 2023

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

15 September: **BOK-VRYDAG**
Krieket vs Monumentpark o/11B (weg)
Hokkie Seuns/Dogters vs Uitsig Primary te H/s Centurion
Gr 7 Entrepreneursdag

16 September: Landloop SA Kampioenskappe Gqerberha
Little Titans (tuis)

18 September: Wetenskapweek
Krieket vs Tygerpoort o/9A (weg)
vs Monumentpark o/10B (weg)
vs Menlopark o/13B (tuis)
Tennis Oop Seuns B3 vs Monumentpark (weg)
Dogters C2 vs Wierdapark (weg)
Foto's Tennis Seuns/Dogters, Hokkie Seuns/Dogters

19 September: Wetenskapweek
Krieket vs Menlopark o/12A (tuis)
Foto's Mini Krieket

20 September: Wetenskapweek
Krieket vs Menlopark o/9A (tuis)
Leierskapopleiding
Foto's Mini Hokkie (seuns Gr R-3)

21 September: Wetenskapweek
Krieket vs Menlopark o/10A (tuis)
Sagtebal Kwarteindstryd o/11-o/13
Foto's Sagtebal
Foto's Mini Hokkie (dogters Gr R-3)

22 September: Wetenskapweek
BOK-VRYDAG

23 September: Mini Hokkie toernooi

24 September: ***Erfenisdag***

25 September: ***Skolevakansiedag***

DIE LEIPIE SKATKIS (TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE):
Tweedehandse skoolklere word by Die Leipie Skatkis, (huis in Parkstraat), op Dinsdae en Woensdae vanaf 13:50-14:50 verkoop.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen.

Prediker 9:10

LEERDER VERJAARSDAE

18-24 September 2023
Coetzer Cohen, Pienaar Helena, Buitendag Miché, Maree Hercu, Saaijman Mieke, Van Der Merwe Zani, Voogt Adriaan, Engelbrecht Kayden, Groenewald Erik, Tosen Milané, Appel Jandré, Cilliers Jacques, Franks Kenzie, De Jongh Alexis, Fraser Louis, Botha Leah, Janeke Ilinè, Van Den Berg Stian, Browne Claudia, Kruger Ashley, Morgan Alexa.

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 660 1118
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

LEERDERS WAT LAAT KOM:
Onderwysers neem tydens die registerperiode, 7:30 - 7:40 register. **Leeerders moet aanwesig wees in die registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk.** Leerders wat laat kom, **moet deur ouers/voogde vergesel word en by die kantoor ingeteken word. Daar is steeds ouers wat leerders net aflaai wat laat is, u moet asb die leerders kom inteken.** Die leerder sal dan 'n briefie ontvang om aan die betrokke personeellid te toon. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom, bv. 'n doktersafspraak, moet u hom/haar steeds na die kantoor vergesel en inteken, asook die rede vir laat inteken verskaf.

Leipie NUUSBRIEF 2

HOKKIE: vs Centurion Hockey Academy – o/10 wen, o/11 gelyk, o/12 dogters wen, o/13 seuns wen.
o/12 seuns eindig 4de en dring deur na uitspele.
SAGTEBAL: o/10A 3de in liga, o/11A wen liga, o/12A wen liga, o/13A wen liga.
o/11, o/12, o/13 spanne deur na uitspele.
KRIEKET: vs Monumentpark – o/10A wen.
Matthew v Huyssteen, William de Lange deur na 3de rondte proewe.
CENTURION KUNSTEFEES: Graad 4 - **Azariah Boonzaaier:** Voordrag A+, Poetry A+. **Helena Schabort**: Prosa A++ (Wenner), Prepared reading A++ (Wenner), Redevoering A++, Monoloog A++, Gedramatiseerde poësie A++, Onvoorbereide lees A++, Poetry A++, Voordrag A+, Samespraak A+, Dramatised poetry A++. **Jhanke Coetzer:** Voordrag A++ (Wenner), Poetry A++. **Linmarie Appel:** Poetry A+, Voordrag A. **Miané Burger**: Voordrag A+, Poetry A. **Nina Nell:** Onvoorbereide lees: A+, Redevoering A++. **René Ferreira:** Voordrag A++, Samespraak A+. **Ruan Venter:** Poetry A++ (Wenner), Voordrag A+. **Selinka Nel:** Voordrag A+.
Kuns Uitslae - **Magdi Serfontein:** Skilderkuns A+, Illustratief, monotoon A++ (Wenner), Reliëfdrukwerk A++. **Wihan Lindeque:** Teken kleur A, Teken monotoon A++. **Christopher Herbst:** Teken B+, Fotografie A+. **Valerie Herbst:** Teken B+, Fotografie A. **Lea Nel:** Teken A++.

VERLORE KLERE:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

AFKONDIGINGS VIR LEERDERS:
Neem asb kennis dat wanneer u items by die skool vir u kind afgee, afkondigings slegs voor die twee pouses gemaak word. Dit kan dus gebeur dat die periode waarvoor items afgegee is, dan reeds verby is. U kind moet asb ook self by die kantoor kom hoor of benodigdhede afgegee is.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en buitemuurse aktiwitieit.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**

BEMARKING:
Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: **sarie.3v@louisleipoldt.co.za**